

Hoe kan jou kind baat by Experi-Maatjies?

Kinders behoort eksperimente te doen om dieselfde redes waarom daar vir hulle stories vertel word en waarom hulle aan sport deelneem - eksperimente moedig kinders aan om nuuskierig, kreatief en vol selfvertroue te wees. Eksperimente leer kinders om waar te neem, te vergelyk, te dink en te voorspel – alles terwyl hulle PRET het!

Die program ontwikkel verskeie opvoedkundige vaardighede:

- 🧪 Wiskundige vaardighede
- 🧪 Taalvaardighede
- 🧪 Oog-hand-koördinasie
- 🧪 Sosiale vaardighede
- 🧪 Taspersepsie
- 🧪 Visuele geheue
- 🧪 Ouditiewe geheue
- 🧪 Fyn-motoriese vaardighede
- 🧪 Konsentrasie
- 🧪 Probleemoplossing



Hoe het Experi-Maatjies ontstaan?

Die Experi-Maatjies program is ontwikkel deur dr. Madrie Portwig (Ph.D. Chemie). Sy het na die voltooiing van haar studies vir 'n paar jaar in die navorsingsveld gewerk en sedert haar kinders se geboortes is sy voltyds ma. Sy het nooit haar passie vir die wetenskappe verloor nie, en het die geleentheid raakgesien om dit te kombineer met haar passie vir kinders en hulle leergierigheid.



Jong wetenskaplikes in wording!

Vir verdere inligting kontak:



of madrie@experi.co.za

www.experi.co.za



Wat is Experi-Maatjies?

Dit is 'n opvoedkundige program wat eksperimente gebruik om vir kleuters te wys dat die wêreld van Wetenskappe pret kan wees. Die program moedig kleuters aan om ondersoekend na die wêreld te kyk en vrae te vra oor hoe dinge werk. Dit word gedoen deur gebruik te maak van interaktiewe projekte, oulike demonstrasies en eenvoudige eksperimente.



Wat behels die klassies?

Elke maatjie word toegerus met 'n "laboratoriumjassie" en "veiligheidsbril". Daar word gepoog om gedurende hierdie tyd:

- 🧪 so veel as moontlik PRET te hê;
- 🧪 vir elke maatjie die kans te gee om ten minste een eksperiment SELF te doen;
- 🧪 vir die maatjies te leer om as 'n groep SAAM een eksperiment te doen, dus beurte te maak om aksies uit te voer;
- 🧪 ten minste een eksperiment te doen wat 'n GROOT verrassings-element bevat;
- 🧪 die eksperimente af te wissel om verskeie wetenskaplike vakrigtings soos Chemie, Fisika, Geografie, Biologie, Meteorologie en Astronomie te dek;
- 🧪 die wetenskap agter elke eksperiment so eenvoudig moontlik te verduidelik.

Elke week word daar 'n wetenskaplike van die week, byvoorbeeld Einstein, Edison of Fahrenheit aan die maatjies voorgestel. Hiermee word daar gepoog om nou reeds vir kleuters bewus te maak van die belangrike rol wat hierdie mense gespeel het om die lewe vir ons makliker te maak. Dit verbreed ook op 'n baie eenvoudige en prettige manier die maatjies se algemene kennis.

Aan die einde van elke klassie neem die maatjies 'n "Experi-pakkie" huis toe.

Hierdie pakkie bestaan uit:

- 🧪 'n briefie wat aan u verduidelik wat ons tydens die klassie gedoen het, asook wat ons ontdek het. Dit gee aan u die agtergrond om verder met u kleuter oor die onderwerp by die huis te gesels.
- 🧪 'n eenvoudige eksperiment met instruksies wat tuis gedoen kan word, OF die eindprodukt van 'n eksperiment wat in die klas gedoen is.

Die program bestaan uit een 40-minute klassie per week met 'n maksimum van 10 maatjies per klassie.

